HALLO HOOGLAND

14 April 2024

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Ds Pieter wil graag enige nuwe lidmate of besoekers ontmoet - so kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou!

Nuwe Lidmate, wat nou by Hoogland inskakel,
kontak gerus vir Annalize in die kerkkantoor (041 367 1485) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.



Ysterman - Sondag, 21 April
Baie seën aan elke deelnemer en ook al die ondersteuners.

Hoogland, ry asseblief bietjie vroeër & betyds, aangesien Buffelsfontein gesluit sal wees en deel uitmaak van die Ysterman fietsry roete.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Nagmaal - Ds Pieter Nel
10:00 GVG Kasteel-bou in die Saal
16:00 Buffelsfonteindiens: Nagmaal - Ds Pieter

Deurkollekte: MTR Smit

Algemeen

Program vir die week:

Maandag: 15 April
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Woensdag: 17 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 18 April
19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag: 19 April
05:15 Mannebediening

Dankoffers

Daardeur gaan geloof deur liefde tot dade oor.

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie:
Gebedsversoeke kan vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325. Onthou ook van die posbus, net links, van die Gebedskapel se deur vir Gebedsversoeke.

Basaarspan is opsoek na Gazebo's om te leen.

Koor, Kos & Kuierfees 2024

Daar is net 3 weke oor om hande te vat en van hierdie jaar se KK&K Fees 'n reuse sukses te maak, daarom is die volgende nodig:

- **Hande** - daar is altyd en oral hande nodig om by die stalletjies te help, selfs tafels reg te skuif of om die saal te versier.
- **Bemarking** - sosiale media is deesdae kragtig so asseblief deel ("*share*") alle pamflette en KK&K nuus ook op jou sosiale media en *WhatsApp* status en nooi vriende, familie en jou bure saam Vrydag, 3 Mei.
- **Bestanddele lyste** - HELP ASSBLIEF! Die Basaarspan benodig werklik nog heelwat bestanddele. Laat bydraes gerus Sondae by Gemeentedienste of kom gee dit by die Kerkkantoor af voor of op Woensdag, 24 April.
- **Tuisgebak tafel** - Baksters HELP asseblief - die tuisgebak tafel vra enige groot koeke/yskasterte/kolwyntjies/beskuit/klein koekies of enige tuisgebak.
- **Plaastal** - is opsoek na ingelegte plaasprodukte bv. olywe/konfyt/ gebottelde slaaie ook gevriesde etes en oulike handwerk items asseblief.
- **Poedingtafel** is altyd op die uitkyk vir 'n verskeidenheid Basaarpoedings - al maak jy net kitspoeding help dit al klaar.
- **Kindervermaak** wil Hoogland se kinders lekker bederf maar vra graag donasies vir pryse bv. "bubbles"/pakke "stickers"/ "slime" /haar knippies/ klein beursies/pakke los lekkers/ens.
- **Lekkergoedtafel** - As jy kreatief is en lekkergoed mooi kan verpak of soetgoed soos bv windmeultjies/toffie appels/motortjies of enige so iets kan maak. Kom meld asseblief aan.
- **Tombola tafel** - vra asseblief vir enige skoon, heel, gebruikte items. Heel speelgoed/ boeke / huishoudelike items / dalk selfs 'n paar motorhuis items is welkom.
- **Veiling** - die veilingspan is opsoek na mooi, meer duursame items om op te veil, ook bv. heel lammers, jagpakket vir diegene wat hou van jag, "*airfryer*", gemaklike kampstoele of enige iets.

Enige navrae oor skenkings, donasies van bestanddele of aanmeld van hulp gesels gerus met Leon of Annalize.

Uit die hart …



Tydens die afgelope twee weke se voorbereiding, ná Paasfees, lees ek van 'n belewening van Ds Ewald van Rensburg. Hy en sy vrou, Beatrix het een jaar op Goeie Vrydag in Fifth Avenue, New York (die stad wat nooit slaap nie) geloop en hierdie belewenis gehad wat my geraak het. Hy vertel:

"Voor die Rockefeller gebou staan 'n afbeelding van Atlas wat die sware wêreld op sy skouers probeer dra - wat 'n gesukkel!

Oorkant die straat binne in die pragtige Sint Patrick se Katedraal, heel agter, staan daar hierdie uitbeelding van die Jesus-Christus kind. Die kleine Jesus-kind hou die aardbol waarmee Atlas so sukkel, in Sy een Hand vas.

Dit is die beste Goeie Vrydag 'preek' wat ek al ooit in my lewe beleef het. Dit wat ons neerdruk, speel Jesus mee klaar op Goeie Vrydag & Paassondag. Ons is bevry deur Jesus om God, medemens, jouself en Sy aarde lief te hê, so sal jy en ek ontdek Jesus speel in tien duisend plekke!"

Wanneer Jesus jou en my Here is, ons Christus is, is God ons Vader. Dan probeer ons nie meer die wêreld, en ons eie klein wêreldjies, op ons skouers dra nie. Hy bly in ons… en ons in Hom.

Ligloop!

Groete … ds Pieter